Fakulteit Regsgeleerdheid
Universiteit Stellenbosch
Taalimplementeringsplan

Dit is die oogmerk van die Fakulteit om ingevolge die Taalplan uitvoering te gee aan artikel 29(2) van die Grondwet wat betref taalgebruik in sy akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste. Die plan beoog voorts om billike toegang tot die Fakulteit vir alle studente en personeellede te verhoog, en om pedagogies verantwoordbare onderrig en leer te fasiliteer.

Die Taalplan van die Fakulteit is belyn met die Taalbeleid van die Universiteit en is ooreenkomstig paragraaf 7.4.2 van genoemde Taalbeleid opgestel.

1. Oor die algemeen word sowel Afrikaans as Engels in dieselfde klasgroep vir voorgraadse modules gebruik.[1] Die kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede is soos volg:

    1.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Engels oorgedra, en word opsommings of beklemtoning van inhoud ook in Afrikaans voorsien. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord.

    1.2 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende ’n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd of geskeduleerde tutoriale).

    1.3 Vir eerstejaarmodules (Inleiding tot die Reg 171, Privaatreg 171, Inheemse Reg 171 en Strafreg 171) stel die US gedurende elke lesing intydse tolking beskikbaar. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdiens gebruik maak, kan dit gestaak word.

2. In die volgende gevalle sal voorgraadse lesings in slegs een taal aangebied word:

[1] Die Fakulteit Regsgeleerdheid beskik nie oor die vermoë om sy voorgraadse modules op ’n pedagogies verantwoordbare manier afsonderlik in Engels en Afrikaans aan te bied nie.

2.1 Waar die toegewese dosent in slegs Afrikaanse of slegs Engelse onderrig vaardig is. Vir hierdie modules word bykomende steun voorsien:

(a) Benewens lesings, is daar toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd of normale geskeduleerde tutoriale) in Afrikaans en Engels.

(b) Waar alle studente in die klasgroep genooi is om deur middel van 'n geheime stemming te stem en daardie studente wat stem, eenparig daartoe toestem, sal die module in slegs Afrikaans of slegs Engels aangebied word, mits die betrokke dosente en onderrigassistente die nodige taalvaardigheid het en instem om dit te doen.

3. Vir voorgraadse dienskursusmodules wat hierdie Fakulteit in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aanbied waar dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is om meer as een klasgroep te hê, geld die volgende:

3.1 Daar is aparte lesings in Afrikaans en Engels.

3.2 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende 'n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd of geskeduleerde tutoriale).

4. Die leermateriaal vir voorgraadse modules word soos volg beskikbaar gestel:

4.1 Alle verpligte leesstof word in Engels voorsien.

4.2 Verpligte leesstof (buiten gepubliseerde materiaal) word ook in Afrikaans voorsien, tensy dit nie redelikerwys uitvoerbaar is nie.

4.3 Die Fakulteit se moduleraamwerke en -studiegidse is in Afrikaans en Engels beskikbaar.

5. Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in voorgraadse modules is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Studente mag alle assesserings beantwoord en alle geskrewe werk indien in Afrikaans of Engels.

6. In nagraadse leer en onderrig, wat finalejaarmodules op NKR-vlak 8 insluit, kan enige taal gebruik word, met dien verstande dat al die betrokke studente vaardig genoeg in daardie taal is.

7. Die implikasies van die aanwysing van 'n finale jaarmodule slegs in een taal aangebied, is dat alle vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in voorgraadse modules steeds in Afrikaans en Engels beskikbaar sal wees. Studente mag alle assesserings beantwoord en alle geskrewe werk in Afrikaans of Engels. Moduleraamwerke in verband met 'n module sal ook steeds in Afrikaans en Engels wees.

8. Die volgende maatreël word getref vir persone met spesiale leerbehoeftes/

gestremdhede:

8.1 Waar studente of personeellede alternatiewe tekste soos Braille- of vergrote tekste nodig het as ’n manier om te kommunikeer en om inligting te verstaan, en sodanige tekste is nie beskikbaar nie, behoort die betrokke personeellid met die Braille-kantoor van die US te skakel om die tydige beskikbaarstelling van die alternatiewe tekste te reël.

8.2 Hierdie bepaling is onderworpe aan die US se Beleid oor Studente met Spesiale Leerbehoeftes/Gestremdhede.

9. Veranderinge aan die taalreëlings in die Fakulteit se Taalimplementeringsplan wat buite die gereelde hersieningsproses val, maar genoodsaak word deur, byvoorbeeld, ’n spesifieke studentegroep se voorkeuronderrigtaal, pedagogiese oorwegings of die onbeskikbaarheid van ’n dosent met die nodige taalvaardigheid, kan aangebring word deur die betrokke departementshoof en Dekaan, ná oorlegpleging met die Fakulteit se studentekomitee. Hierdie veranderinge word by die volgende fakulteitsraad- en Senaatsvergaderings voorgelê. Die studente in die spesifieke modules word so gou prakties moontlik van die veranderinge en die redes daarvoor ingelig.

10. Studente wat voel hulle word negatief geraak deur die implementering van die Taalbeleid behoort die volgende prosedures te volg:

10.1 Die klagte moet eerstens by die betrokke personeellid aanhangig gemaak word. Indien die gegriefde student nie tevrede is nie, moet hy/sy die betrokke departementshoof nader, en indien die student daarna steeds nie tevrede is nie, moet hy/sy die Vise-dekaan: Onderrig en Leer nader.

10.2 Indien klagtes nie bevredigend op fakulteitsvlak opgelos word nie en met akademiese kontekste verband hou, kan studente die klagtes via die Studente Akademiese Belangeraad na die Akademiese Beplanningskomitee (ABK) verwys, en indien die ABK dit nie kan oplos nie, verwys die ABK die aangeleentheid na die Senaat, met ’n aanbeveling.

11. Taalpraktyk in administrasie en bestuur

11.1 Kommunikasie sal oor die algemeen in sowel Afrikaans as Engels geskied op ’n manier wat begrip en inklusiwiteit vir alle betrokke partye sal verhoog.

11.2 Die taal van skriftelike kommunikasie in die Fakulteit en vergaderings hang af van die taalbehoeftes van die lesers of deelnemers (personeellede, studente en ander belanghebbendes), met dien verstande dat niemand deur die kommunikasietaal uitgesluit word nie.

Module 2020	Aanbiedingstaal 2020 Language of tuition 2020
Belastingreg 411 Law of Taxation 411	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the SAME class group
Belastingreg 441 Law of Taxation 441	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the SAME class group
Handelsreg (Handel) 253 Mercantile Law (Commerce) 253	Afrikaans en Engels aan PARALLELLE klasgroepe Afrikaans and English in PARALELL class groups
Handelsreg (Handel) 285 Mercantile Law (Commerce) 285	Afrikaans en Engels aan PARALLELLE klasgroepe Afrikaans and English in PARALELL class groups
Handelsreg (Rek) 193 Mercantile Law (Acc) 193	Afrikaans en Engels aan PARALLELLE klasgroepe Afrikaans and English in PARALELL class groups
Handelsreg (Rek) 292 Mercantile Law (Acc) 292	Afrikaans en Engels aan PARALLELLE klasgroepe Afrikaans and English in PARALELL class groups
Regsaspekte: Int Besigheid 312 Legal Aspects: Int Business 312	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the SAME class
Handelsreg 311 Mercantile Law 311	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Handelsreg 312 Mercantile Law 312	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the SAME class group
Handelsreg 441 Mercantile Law 441	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the SAME class group
Handelsreg 442 Mercantile Law 442	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the SAME class group
Handelsreg 443 Mercantile Law 443	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the SAME class group
Handelsreg 444 Mercantile Law 444	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the SAME class group
Handelsreg 445 Mercantile Law 445	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the SAME class group
Handelsreg 446 Mercantile Law 446	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the SAME class group
Handelsreg 447 Mercantile Law 447	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the SAME class group
Handelsreg 471 Mercantile Law 471	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the SAME class group
Intellektuelegoedereereg 441 Intellectual Property Law 441	ENKELTAAL Afrikaans of Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE Afrikaans or English for the class group

Omgewingsreg 451 Environmental Law 451	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the SAME class group
Rekeningkunde Vir Regstudente 441 Accounting for Law Students 441	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the SAME class group
Inheemse Reg 171 Customary Law 171	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Inleiding tot die Reg 171 Introduction to Law 171	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Internasionale Privaatreg 451 International Private Law 451	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Praktiese Regsopleiding 471 Practical Legal Training 471	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Privaatreg 171 Private Law 171	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Privaatreg 272 Private Law 272	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Privaatreg 273[1] Private Law 273	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Privaatreg 372 Private Law 372	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Privaatreg 373 Private Law 373	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Privaatreg 411 Private Law 411	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Privaatreg 441 Private Law 441	ENKELTAAL Afrikaans of Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE Afrikaans or English for the class group
Privaatreg 451 Private Law 451	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Privaatreg 452 Private Law 452	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Privaatreg 453 Private Law 453	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Privaatreg 454 Private Law 454	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Privaatreg 455 Private Law 455	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group

[1] Die junior lektor wat 'n beperkte aantal lesings in 2020 in hierdie module sal aanbied, mag nie in staat wees om opsommings, beklemtoning en vrae in Afrikaans te verskaf/te beantwoord nie.

Privaatreg 457 Private Law 457	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Regsvaardighede 411 Legal Skills 411	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group

Romeinse Reg 271 Roman Law 271	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Sivieleprosesreg 371 Law of Civil Procedure 371	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Administratiefreg 411 Administrative Law 411	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the SAME class group
Bewysreg 471 Law of Evidence 471	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the SAME class group
Internasionale Reg 341 International Law 341	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the class group
Internasionale Reg 451 International Law 451	ENKELTAAL Afrikaans of Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE Afrikaans or English for the class group
Publiekreg 451 Public Law 451	ENKELTAAL Afrikaans of Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE Afrikaans or English for the class group
Regsfilosofie 341 Legal Philosophy 341	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Regsfilosofie 451 Legal Philosophy 451	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the SAME class group
Staatsreg 271 Constitutional Law 271	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Staatsreg 312 Constitutional Law 312	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Staatsreg 451 Constitutional Law 451	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the SAME class group
Staatsverkrygingsreg 451 Public Procurement 451	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the SAME class group
Strafprosesreg 271 Law of Criminal Procedure 271	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Strafreg 171 Criminal Law 171	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group
Strafreg 451 Criminal Law 451	ENKELTAAL Engels aan die klasgroep SINGLE LANGUAGE English for the SAME class group
Uitleg Van Wetstekste 211 Interpretation of Statutes 211	BEIDE Engels en Afrikaans in DIESELFDE klasgroep BOTH English and Afrikaans in the SAME class group